

8 April

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 17

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 17:3–5 (OAV)

'n Suksesvolle sukses!

Ons kan koning Josafat se lewe as 'n suksesvolle sukses beskryf. Hy het begin om die Here te dien, en hy het daarmee volgehou. Van hom getuig vers 3: *En die HERE was met Josafat!* Die getuienis begin dus by Josafat nie, maar by die HERE! Hy het die koning se hande gevat en dit vasgehou. Daarom het hy drie dinge gedoen:

- Hy het goeie voorbeelde gevolg – die voorbeeld van sy ooroupgrootjie Dawid. En hy slegte voorbeelde vermy – die slegte voorbeeld van sy buurvolk Israel wat die Baäls gedien het.
- Josafat het naby die HERE geleef – hy het *die God van sy vader gesoek en in sy gebooie gewandel*. Hy het in 'n persoonlike verhouding met die HERE gelewe en alles in sy lewe aan die woord van die HERE getoets. Daarom het *sy hart moedig geword in die weë van die Here*, sodat hy alles in werking gestel het om Juda in die weë van die HERE te onderrig (vs 7-9).
- Josafat het elke dag die seëninge van die HERE in sy lewe gesien. Die HERE het sy regering voorspoedig gemaak en sy volk het hom geëer (vs 5). Ook van sy vyande het vir hom geskenke gestuur (vs 11). Vrede en veiligheid het ook onder die seëninge getel waarmee die HERE vir Josafat geseën het.

Is jou lewe 'n suksesvolle sukses? Die beginpunt is nie in die eerste plek by dit wat jy doen nie, maar by die genade wat die HERE aan jou bewys. In Christus en deur die Heilige Gees het Hy jou deel gemaak van sy volk, sodat jy Hom kan dien en eer met jou hele lewe.

Hou aan om Hom elke dag te eer deur die goeie voorbeelde, waarvan daar baie is, te volg. Vermy die slegte voorbeelde. Werk elke dag aan jou persoonlike verhouding met die HERE deur Hom te soek. Jy doen dit deur jou Bybellees en gebede. Kyk ook na sy seëninge wat Hy elke dag ter wille van Christus aan jou gee. So sal jou lewe deur die genade van die Heilige Gees 'n suksesvolle sukses kan wees tot eer van die HERE.

Sing: Psalm 146:1, 8 (1936)

Ds AP Kruger (Welkom)